

DONDERDAG 2 OKTOBER, 1952.

9.00 - 9.15 n.m.

Opname: Dinsdag 16.9.1952. 2.00nm

NUWE GESKIEDKUNDIGE WERKE.

Boekbespreking deur dr. H.B.Thom, Stellenbosch.

- (a) Berdiaeff, Fumet, Grobowsky, e.a., Europa ziet het Communisme (saamgestel deur Siegfried Streicher);
- (b) Scholtz, G.D., Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word; en
- (c) Drie Eue - die Verhaal van ons Vaderland (saamgestel deur dr. A.J. Bōeseken, dr. D.W. Krūger en dr. A. Kieser)
- (Afrikaanse Program, Donderdag, 2 Oktober 1952, 9.00 - 9.15 n.m.)

'n Paar dae gelede het ek 'n jong student hoor opmerk dat "die jaar 1952 in ons geskiedenis nog eendag as die jaar van die geskiedenisboek bekend sal staan." Hierdie opmerking is seker nie vreemd nie as ons in gedagte hou dat daar van die begin van vanjaar af tot nou toe reeds 'n hele aantal geskiedkundige werke in en oor ons land verskyn het. Die lewendige aktiwiteit van historici hoef 'n mens ook nie te verwonder nie, want 1952 is immers die jaar van ons Derde Euefees, en ons het oor en oor ondervind hoe die geskiedenis hom vanjaar as't ware op onweerstaanbare wyse aan ons opgedring het.

In my vorige bespreking van nuwe geskiedkundige boeke het ek in hierdie program aandag gevestig op 'n baie belangrike uitgawe, die Geskiedenis van Suid-Afrika, wat uit twee dele bestaan en by die Nasionale Boekhandel in Kaapstad verskyn het. Vanaand wil ek nou graag kortliks oor drie ander werke handel.

Ek begin met die boek Europa ziet het Communisme. Dit is wel nie 'n werk wat in Suid-Afrika verskyn het nie - trouens dit het in België die lig gesien - en dit handel ook nie oor Suid-Afrika nie; maar 'n mens het tog - vanweë die aktuele aard daarvan - goeie rede om dit hier te noem. Europa ziet het Communisme is 'n werk van enigszins ongewone aard. In 1948 het die Switserse blad, die Schweizer Rundschau, 'n spesiale nommer uitgegee, wat die titel Kommunismus gedra het en

geheel en al aan 'n bespreking van die Kommunisme gewy was. Eurona ziet het Communisme is dan 'n vertaling van hierdie spesiale nommer van die Schweizer Rundschau.

Op grond hiervan vermoed 'n mens al dat die boek nie die werk van één bepaalde skrywer is nie, maar dat verskeie persone daaraan meegewerk het. Ons vind dan ook dat daar 24 medewerkers was, wat verskillende sye van die Kommunisme behandel. Dit beteken egter nie dat die werk in 24 bydraes versnipper raak nie; daar is in werklikheid drie hoofpunte wat aan die orde kom, en hieronder word die bydraes op logiese wyse ingedeel. Hierdie hoofpunte is die volgende: eerstens die ~~opkoms~~ van die Kommunisme; tweedens die hedendaagse verskynsel van die Kommunisme; en derdens die invloed van die Kommunisme in die huidige wêreld. Die 24 medewerkers is uit verskillende lande van Europa afkomstig, maar onder hierdie indeling word hulle bydraes mooi tot 'n eenheid saangesmee.

Die vernaamste groot, algemene feit wat deur hierdie werk by die leser tuisgebring word is dit: Die Kommunisme, wanneer dit tot sy eerste, fundamentele prinsipes gereduseer word, kan wel as 'n pragtige, verhewe leer van naasteliefde en naastediens uitgelê word, maar in sy praktiese uitinge in die wêreld van vandag het dit in werklikheid niks van hierdie verhewe, groot prinsipes oorgehou nie; intendeel, die Kommunisme het vandag 'n faktor van rewolusie geword, wat gewelddadiglik wil wegdoen met al die mooi groot dinge, soos die Christendom en die Demokrasie, wat kenmerkend van die Wes-Europese beskawing geword het. Siegfried Streicher, die uitgewer van die Schweizer Rundschau sê bv. in hierdie boek: "Dit is wel waar dat die vroegste Christelike gemeentes hulle in 'n sekere sin op Kommunistiese grondslag georganiseer het, maar dit was die resultaat van 'n persoonlike, vrye keuse, die uitvloeisel van 'n diepe liefde vir mekaar; daarteenoor is die moderne Kommunisme egter 'n diktatoriale mag wat deur 'n sekere staatkundige stelsel met geweld afgedwing word." Deur hierdie, en ander, raak uitsprake sal die leser ongetwyfeld diep getrek word. Dieselfde skrywer verklaar bv. ook: "Christus het gesê: 'Myne is joue'; die Marx's (en dus ook die Kommuniste) sê

daarentes: 'Joue is myne.'

Dit is ongelukkig nie moontlik om meer besonderhede oor hierdie werk te gee nie, maar ek wil belangstellendes tog sterk aanraad om nader kennis te maak met Europa ziet het Communisme.

Laat ons nou 'n bietjie nader na Suid-Afrika kom; ons verlaat wel nog nie die groot, algemene wêreldtoneel nie, maar ons kom ten minste by 'n meer bepaald Suid-Afrikaanse uitgangspunt: dit kry ons in die nuwe boek van dr. G.D.Scholtz, nl. Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word, 'n boek wat by die Voortrekkerpers in Johannesburg verskyn het.

Dr. Scholtz is vandag een van ons bekendste Afrikaanse historici. Hy het reeds oor die bestuursinstellings van die Oranje-Vrystaat, oor Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, oor die lewe van genl. Beyers, oor die rebellie van 1914 en oor die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog geskryf. Oor laasgenoemde onderwerp, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog het hy twee dele gelewer, wat so gunstig beoordeel is dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns dit vanjaar met 'n Akademieprys vir Geesteswetenskappe bekroon het. Dr. Scholtz is iemand met groot werkkrag, iemand wat bowendien prikkelend en interessant skryf, en liefhebbers van ons geskiedenis het al geleer om sy werke met gesdrif en dankbaarheid te ontvang. Vir hierdie nuwe werk van hom, Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word, sal daar dus ongetwyfeld ook groot belangstelling bestaan.

Soos die onderwerp aandui, wyk die skrywer hier enigszins van sy gewone historiese terrein af, maar hy begeef hom tog geensins op 'n gebied wat vir hom onbekend is nie, want veral as Redakteur Buiteland van die Transvaler het hy ondervinding opgedoen, wat vir hom van groot waarde in verband met die onderhawige boek moes gewees het.

In sy Voorwoord skryf dr. Scholtz - m.i. heeltemal tereg - dat die gemiddelde Afrikaner in die verlede maar betreklik min kennis van die internasionale politiek gehad het. Twee redes voer hy ter verklaring hiervoor aan die geografiese isolasie van Suid-Afrika, en die groot gebrek aan werke in Afrikaans in verband met internasionale vraagstukke. Maar die isolasie is nou vinnig aan die verbygaan - dit sien ons elke dag om ons heen. Daarom het dr. Scholtz rede om te verklaar: "Die Afrikaner sal moet leer dat sy toekomst nie net bepaal word deur wat binne die grense van sy vaderland plaasvind nie, maar ook deur wat.....4

in ander dele van die wêreld gebeur."

Dr. Scholtz ondersoek vervolgens die groot faktore in die Europese politieke denksaen staatsvorming, en dan gaan hy in op die aard en wese van die politiek. Daarna het hy 'n kort hoofstuk oor Politiek en Diplomatie - dis maar 'n kort hoofstukkie maar dis baie insiggewend. Hier kom twee belangrike, praktiese vrae- nl. "Wie bepaal die Politiek?" en "Wie voer die Politiek uit?" aan die orde. Daarna volg hoofstukke oor Amerika, Brittanje, Duitsland, Frankryk, Italië, Japan en Rusland, en in elkeen hiervan word dieselfde vyf punte behandel nl. Die Aardryskunde van die betrokke land, die Ekonomie, die bevolkingsterkte, die Volksaard en die Huidige Toestand van die betrokke land.

As 'n mens na hierdie indeling kyk, dan lyk dit ietwat eentonig, maar die stof self bied 'n ryke verskeidenheid en van die groot faktore wat die politiek in elkeen van die genoemde lande be-invloed, gee die skrywer ons in duidelike, oorsigtelike beeld. In kort bestek het ons hier waardevolle gegewens, wat indringende lig werp op die staatkundige gedagtevoering in elkeen van hierdie lande.

Dit tref 'n mens ook met watter gemak dr. Scholtz sy stof beheers, ofskoon dit so wyd uiteenlopend is en op verskeie lande betrekking het. Om dit te kan doen, moet 'n mens oor groot kennis, koördinasievermoë en geestelike disipline beskik. Dr. Scholtz het ons 'n goeie, waardevolle boek gegee, waardevol vir die gewone Afrikaanse leser om die wêreld waarin hy leef, beter te verstaan, en waardevol ook vir die student, veral vir die student van die Geskiedenis, van die staatsleer en van die Ekonomie.

Laat ons nou nog nader tuis beweeg; laat ons by ons eie geskiedenis uitkom. Die derde werk wat ek onder die aandag wil bring, is die Drie Eeue, of Die Verhaal van ons Vaderland, soos die onder-titel lui.

Hierdie werk sal uiteindelik uit vyf dele bestaan. Drie hiervan het nou reeds die lig gesien - dis deur die Nasionale Boekhandel uitgegee, dis op eersteklas papier gedruk en in goeie, pragtige leerband gebind. Deel I wat die titel dra: Van Verversingspos tot Volksplanting, is deur dr. Anna J. Bōeseken geskryf; Deel II, met die titel Die Trek uit die Kaapkolonie, is die werk van dr. Bōeseken, prof. D.W. Krūger en dr. A. Kieser; en Deel III getiteld Die Eerste Jare van die Republiek,

die werk van prof. Krüger, dr. W.J. de Kock, dr. G.D. Scholtz en dr. A. Kieser. Volgens 'n prospektus van die Nasionale Boekhandel sal Deel IV betitel word: Die Laaste Jare van die Republieke, en Deel V: Die Unie van Suid-Afrika, 1910 - 1952. Hiermee sal die Drie-Eëne-Reeks dan voltooi wees, en sal dit die geskiedenis van Suid-Afrika van die begin af tot vandag toe dek.

Die doel wat die Nasionale Boekhandel en die skrywers met hierdie reeks voor oë het, is om die geskiedenis van ons vaderland in sy hele verloop vir jongmense op boeiende wyse te vertel. Vandaar dan ook dat daar in die onder-titel sprake is van die Verhaal van ons Vaderland. Maar dit moes nietemin op korrekte en gesaghebbende wyse geskied, en daarom is goeie, vakkundige geskiedkundiges gevra om die werk te doen.

Die drie dele wat nou reeds verskyn het, beantwoord n.l. op uitnemende wyse aan die genoemde doel. Luister maar na die openingsparagraaf van dr. Anna Bøeseken se skildering van Jan van Riebeeck se aankoms in Tafelbaai: Sy begin as volg:

"Saterdag, 6 April, 1652. Aan die voet van die Tafelberg het die dag stil en rustig verbygegaan. Gister het die gedreun van 'n kanon oor die water weerklink. Die steenbokkies in die droë gras en die leeus in die klowe het die ore gespits, maar die paar Hottentotte wat na die warm somermaande in die Tafelvallei agtergebly het, kon die geluid skaars hoor. Vir dié klompie armsalige swerwers het vandag en gister geen besondere betekenis gehad nie. Wel het hulle op hierdie Saterdag toe die son al verby sy hoogtepunt was, 'n sloep of langerige skuit gesien, waarin twee witmanne die land genader het, maar na 'n ruk het die skuit verdwyn. Die swerwer - Hottentotte weet wat dit beteken: daar is groter skepe aan die kom. Hulle weet egter ook dat dié skepe met wit vlerke wat die baai gereeld besoek, na een of twee weke die ankers lig en hul seil-vlerke regtrek om deur die wind oor die water weggedryf te word. Dan is hulle weer baas, hierdie Hottentotte, die Khoi-khoi, soos hulle hulself noem: die groot manne van die skepping!" - Dis mooi en maklik gestel, en jongmense sal dit met graagte lees. Ek sal nie wil voorgee dat die drie dele orals so vlot lees nie, maar dis deurgaans interessant en boeiend geskryf en dit adem beslis frisse, aangename lug.

Die drie dele is almal - en dit was ongetwyfeld 'n goeie gedagte - ruimskoots van illustrasies voorsien. 'n Hele aantal geskiedkundige illustrasies word gegee, en dan ook het die kunsskilderes, Mej. Hillhouse 'n menigte geskikte tekeninge ter opheldering gemaak. Sommige punte in hierdie tekeninge, bv. die mure van Van Riebeeck se fort en die berge van Colesberg, stel wel aansienlike eise aan 'n mens se verbeeldingskrag, maar oor die algemeen dra die illustrasies veel daartoe by om op aanskoulike wyse voor te stel wat op interessante wyse in die teks meegedeel word.

Die gewone wetenskaplike eise, bv. behoorlike rekenskap van stellings, oortuigende verwysing na bronne en 'n noemenswaardige bydrae tot ons kennis, sulke eise sal 'n mens wel nie aan 'n werk soos die Drie Eeue-Reeks stel nie. Die feit is immers dat dit 'n werk vir Jongmense is, en nie soseer vir die wetenskaplike historikus nie. En as 'n werk vir jongmense is dit besonder geskik. Die skrywers, veral dr. Böesekeh, prof. Krüger en dr. Kieser, het daar eers van; en aan die Nasionale Boekhandel is ons dank verskuldig dat hulle hierdie uitgawe in die lig gegee het, en dat hulle dit bowendien op so 'n pragtige wyse gedoen het.

Aan belangstellende luisteraars kan ek ten slotte met vrymoedigheid die raad gee: as u jong Afrikaners 'n geskenk wil aanbied wat liefde vir ons vaderlandse geskiedenis en liefde vir boeke sal aankweek, gee dan gerus 'n stel van die Drie Eeue-Reeks!

/JG.